

Die Pad van Waarheid tot die Lewe BybelVertalingsProjek

Bespreking van die wet

3

Die Doel van die Wet.

God het in Sy voorkennis besluit om 'n nasie vir Homself af te sonder, om Sy wil en plan aan al die nasies te wys en te leer. Dus is die wet vir almal - Yisra'el was die voorbeeld, draer en gewer van die wet.

Almal leef soos hulle wil.

Elkeen het eie afgode.

Al aanbid hulle die lewende God -

Aanbid hulle soos hul wil.

God wil 'n nasie kies om hulle te leer.

Nie een volgens Sy standaard.

Kies man om eie volk op te wek

Avraham.

Die een rede en doel is dus nie om 'n spesiale volk vir Homself te kies nie, maar sodat hierdie gekose volk 'n voorbeeld kan wees en die standarde, wette en kennis van Vader aan almal kan leer sodat hulle Hom alleen en op die regte manier kan aanbid.

Daarom is dit 'n Verbond

Ek sal vir jou 'n God wees

Jy moet My volk wees

= leef volgens My standarde en opdragtewaardeur al die nasies geseënd sal wees.

Gen 12:2 en Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak en jy sal ‘n seën wees 3 en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.”

Die wet is dus God se standaard vir almal wat Hy geskep het, alhoewel niemand wou luister nie. Toe het Hy ‘n volk gekies as voorbeeld. Daarom het Hy die reg om so kwaad te word vir die volk. Hulle mis hulle skeppingsdoel.

Eks 12:49 "Een wet sal geld vir die kind van die land en vir die besoeker wat onder julle bly."

Yes 56:3-7 “Laat die vreemdeling wat hom by יהוה gevoeg het, nie sê: “יהוה sal my sekerlik afskei van Sy volk” nie en laat die gelowige ook nie sê: “Let op, ek is ‘n droë boom” nie, 4 want so sê יהוה: “Aan die gelowiges wat My Shabbatte hou en kies wat My tevrede stel en My verbond vashou, 5 aan hulle sal Ek in My huis en binnekant My mure ‘n gedenkteken en ‘n naam gee wat beter is as seuns en dogters; Ek sal vir hulle ‘n ewige naam gee wat nie afgesny sal word nie. 6 Ook aan die vreemdelinge wat hulle by □□□□ voeg, om Hom te bedien en om die Naam van יהוה lief te hê, om Sy diensknegte te wees, elkeen wat hom weerhou om die Shabbat te onteer en vashou aan My verbond, 7 hulle sal Ek bring na My afgesonderde berg en hulle vol

vreugde maak in My huis van gebed. Hulle brandoffers en hulle offers sal aanvaarbaar wees op My altaar, want My huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke."

Uit hierdie gedeelte is daar 'n paar baie belangrike dinge, wat dalk baie vrae kan beantwoord.

- 1. Selfs 'n verbode persoon sal deur Torah 'n spesiale plek kry in die huis van God as hy gehoorsaam is.**
- 2. Drie NB dinge wat vir God belangrik is:**
 - a. Shabbat hou.**
 - b. Verbond vashou.**
 - c. Verkies wat God behaag.**
- 3. Uitlanders = alle volke en nasies kan deel kry. Nie net vir 1 volk nie. Selfde voorwaardes.**

Rom 3:29 "Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies, 30 want daar is net een God, wat die besnedenes deur vertrouwe en die onbesnedenes deur vertrouwe onskuldig verklaar."

Mar 2:27 "Hy sê vir hulle: "Die Shabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Shabbat nie."

Let op nie vir Jode nie, maar vir die mens. Die mens het 'n Shabbat nodig – God weet dit.

Die wet is vir die mens!

Vader het 'n spesiale doel gehad in die kies van 'n volk:

1.

Om vertrouwe en aanbidding in een God alleen vas te stel. Afgesonderdheid.

Yes 43:12 "Dit is Ék wat verkondig, gered en aangekondig het, en daar was geen vreemde god onder julle nie; julle is My getuies," verklaar יהוה, "en Ek is God.."

2.

Om die morele sedelikheid van die mensdom te behou.

- Sy Skeppings-Lewensstandaard.

Eks 18:20 "leer hulle dan die opdragte en wette en maak hulle die pad bekend waarop hulle moet loop en die werk wat hulle moet doen."

Eks 24:12 יהוה sê vir Moshe: “Kom die berg op na My toe en bly daar en Ek sal vir jou die kliptafels met die wet gee en die opdragte wat Ek geskryf het om hulle te leer.”

2 Tim 3:16 Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ‘n kursus in onpartydigheid en opregtheid

17 sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.

3.

Om die volle Boodskap van God verbaal en geskrewe te beskerm. - Soos Hy dit gegee het.

Yes 51:7 "Luister na My, julle wat onpartydigheid en opregtheid ken, ‘n volk in wie se verstand, wil en emosie My wet is! Moenie bang wees vir die beskuldigings van mense en skrik vir hulle skeltaal nie,"

Rom 3:1 Wat is daarom die voortreflikheid van die Jood, of wat is die voordeel van die besnydenis? 2 Baie, in alle opsigte: Eerstens, dat aan hulle die Woorde van God toevertrou is, 3 want wat daarvan as sommige nie vertrou het nie? Sal hulle gebrek aan vertrouwe miskien die vertrouens-waardigheid van God vernietig?

4.

Om Die Gesalfde Een aan die wêreld voor te stel en na die wêreld te bring.

Yes 40:3 ‘n Stem roep uit: “Berei die pad voor vir יהוה in die wildernis; maak die pad gelyk in die woestyn, ‘n grootpad vir ons God!”

Die woord wat ons gewoonlik vertaal met "wet" is 'Torah' en beteken eintlik instruksies.

Torah kan egter na verskillende aspekte verwys afhangende van die konteks en teks.

- Torah = Die ganze Skrif**
- = Die Tanakh**
- = Die 5 boeke van Moshe**
- = Die ganze geskrewe wet**
- = Alle voorskrifte en instruksies van God soos deur Rabbi's**
- = 'n Spesifieke wet**

Onthou - geen leer kan aanvaar word behalwe dit wat deur God gegee word nie - m.a.w. dit moet 'n leer in die Skrif wees en niks in die Nuwe Verbond kan iets teëspreek in die Tanakh nie.

God se Woord is een.

God se doel en plan met die mens het nie verander nie – Sy wet, as metode om daardie plan uit te voer dus ook nie.